SAAM BEREIK ONS MEER
TOGETHER WE ACHIEVE MORE

OOS VRYSTAAT KAAP Bedryf Bpk. Operations Ltd.
Reg. 1999/004069/06 | FSP No. 909 | NCRCP619

# AANBOD OM AANDELE TE VERKOOP

**Vir verkoop van aandele in OOS VRYSTAAT KAAP BEHEREND (Edms) Beperk**
(hierinlater na verwys as OVK)

## BESONDERHEDE VAN VERKOPER

Lidnommer: | | | | | | |

Van/Naam, Maatskappy, Beslote Korporasie of Trust ______________________________

Titel Mnr/Mev/Mej/Dr/Ander ______________________________

Voorname/Volle name van Direkteure/Lede/Trustees ______________________________

IDENTITEITS NR / REGISTRASIE NR: | | | | | | | | | | | | | |

Adres/Geregistreerdekantoor ______________________________

Poskode ____________________ E-pos ____________________

Tel (Werk) ____________________ Tel Huis ____________________

Sel ____________________ Faks ____________________

## BANK BESONDERHEDE:

Bank: ____________________ Naam van tak: ____________________

Soort rekening: ____________________ Naam van rekening: ____________________

Takkode: ____________________ Rek nr : ____________________

## 1 AANBOD OM AANDELE TE VERKOOP EN MANDAAT

1.1 Hiermee maak ek 'n aanbod om aandele in OVK ("aandele") te verkoop in ooreenstemming met die besonderhede en voorwaardes soos hieronder uiteengesit.

1.2 Ek verstaan en aanvaar dat die koop van aandele in OVK Beherend (Edms) Beperk onderhewig is aan die goedkeuring van die Direksie van die Maatskappy en dat uitvoering aan die transaksie onderhewig is daaraan.

1.3 Ek stel hiermee aan en magtig OVK om as agent die finansies te hanteer van enige transaksie wat ek en 'n Koper vir aandele mag sluit.

1.4 Ek stel hiermee met mag van substitusie die Maatskappy Sekretaris van OVK ex officio, of enige Hoofbestuurder van OVK aan om enige oordragvorm en ander relevante dokumentasie wat benodig mag word ter uitvoering van hierdie mandaat om aandele oor te dra, te voltooi en te onderteken.

1.5 Ek verklaar dat ek die wettige eienaar is van al die aandele wat hieronder deur my te koop aangebied word, of dat ek behoorlik daartoe gemagtig is deur die entiteit wat ek verteenwoordig, en dat die aandele nie aan 'n derde party, behalwe OVK, gesedeer of verpand is nie.

1.6 Ek verstaan en aanvaar dat vanweë die sessie en verpanding van die hierna gemelde aandele aan OVK, slegs die netto opbrengs, na aftrekking van enige bedrae verskuldig aan OVK, deur myself of die entiteit wat ek verteenwoordig, oorbetaal kan word.

**2 WAARDE VAN AANBOD**

Aantal aandele aangebied vir verkoop : ______________________________

Prys per aandeel verlang (sente) : ______________________________

Totale prys van aandele aangebied vir verkoping : ______________________________

Kommissie teen 1% : ______________________________

BTW op kommissie : ______________________________

Totaal : ______________________________

**3 FINALE TRANSAKSE**

`n Finale Kooptransaksie tussen myself en `n Koper van aandele, sal alleen plaasvind wanneer ek en die Koper `n ondertekende transaksievorm ("transaksievorm") soos voorgeskryf deur OVK, aan OVK voorsien het.

**4 BETALING VAN OPBRENGS**

Die netto waarde van die opbrengs van die verkoping van die genoemde aandele moet oorgeplaas word na die Bankrekening hierbo, sodra `n transaksievorm ontvang is wat `n geldige transaksie tussen my en `n Koper tot stand bring, volle betaling van die Koper ontvang is en OVK skriftelik vrystelling van die pand en die sessie verleen het en die oordrag van die aandele in die aandeelhouersregister opgeneem is. Kommissie van 1% plus BTW daarop en enige aftrekkings deur OVK ten opsigte van enige bedrae verskuldig aan OVK sal afgetrek word van die opbrengs van die verkoping.

**5 HERROEPING VAN AANBOD**

Hierdie aanbod mag te enige tyd voordat `n finale transaksie met `n ander party gesluit is, skriftelik herroep word.

**6 VRYWARING**

Ek vrywaar hiermee OVK en stel OVK vry van enige en alle eise en skade voortspruitend uit hierdie mandaat en/of enige transaksie voortspruitend tussen myself en die verkoper van aandele.

**7 ALGEMEEN**

7.1 Ek verleen hiermee toestemming dat:

7.1.1 OVK opnames mag maak van enige telefoongesprek tussen myself en enige lid van die Maatskappye en personeel en erken dat dit internasionale praktyk is en alleenlik gebruik word vir die doeleindes van die beslegting van dispute wat mag ontstaan ten opsigte van telefoniese instruksies, en

7.1.2 my besonderhede, soos verskyn in hierdie aanbod, deur OVK aan voornemende Kopers bekend en beskikbaar gestel mag word.

7.2 Ek kies as my domicilium citandi et executandi vir doeleindes van die betekening van alle kennisgewing en prosesstukke ingevolge hierdie mandaat, die fisiese adres wat in hierdie mandaat verskyn, of enige ander adresse wat per skriftelike kennisgewing aangedui mag word, welke wysiging 21 dae na sodanige skriftelike kennisgewing effektief sal word.

7.3 Ek bevestig hiermee dat ek die terme en voorwaardes van OVK met betrekking tot die verhandeling van aandele deurgelees het en dit verstaan. Die terme en voorwaardes van OVK met betrekking tot die verhandeling van aandele word hiermee en deur hierdie verwysing daarna geïnkorporeer by hierdie aanbod asof dit uitdruklik hierin vervat is.

____________________ ______________________________

NAAM HOEDANIGHEID

______________________________

TOESTEMMING VAN VOOG
*(INDIEN VAN TOEPASSING)*

______________________________ ______________________________

HANDTEKENING: DATUM
BEHOORLIK DAARTOE GEMAGTIG